# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (50/18)

(Volg my on Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 14 Desember 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"If youth but had the knowledge and old age the strength" French proverb***

## KRY WERK VIR SUID-AFRIKANERS

Alle Suid-Afrikaners is van die hoë werkloosheidsvlakke in die land bewus en die gepaardgaande sosiale kwessies. Dit is in die belang van almal dat besighede en die regering alles moontlik doen om werk te skep vir diegene wat dit soek. Dit moet uiters ontstellend vir studente wees wat gegradueer het, om na al die harde akademiese werk, nie werk te kry nie. Dié wat in diens is kan nie die wanhoop verstaan wat werksoekers moet ervaar in hul stryd om werk te kry nie. Sitrusprodusente is daartoe verbind om deel van die oplossing te wees - en baie produsente het interns ingeneem om werksoekers te help om werkservaring op te doen. Hierdie internskappe word dikwels moontlik gemaak deur die regering se aansporings te gebruik - met 'n aanvulling vanaf die produsent se besigheid. By die CGA Sitrus Summit in 2019 beplan ons om meer werksoekers in die werkplek te kry - afgevaardigdes sal gevra word om interns in 2019 in te neem. 'n Lys van afgevaardigdes se verpligtinge sal gemaak word en die CGA / Citrus Academy sal kandidate vir die internskappe soek, asook toegang tot die regering se finansieringsinisiatiewe fasiliteer. **Kom voorbereid om jou verbintenis te maak.** Ons wil ook 'n idee van reeds bevestigde internskappe kry. Ons sal afgevaardigdes vra wat reeds in 2019 interns betrek het om die inligting te deel sodat ons die getal internskappe wat deur die sitrusbedryf verskaf word, kan lys. Die jeug is ons toekoms - ons moet in hierdie toekoms belê. CGA het in 2019 tot twee internskappe verbind.

## SLUITING VAN CGA KANTOOR

Die CGA-kantore sal vanaf die middag van 24 Desember 2018 tot 2 Januarie 2019 gesluit wees.

## SUID-AFRIKA WAG STEEDS VIR WYER TOEGANG NA DIE VSA

In Junie 2018 het die USDA 'n federale register gepubliseer wat die oorweging van wyer toegang vir Suid-Afrikaanse sitrus insluit. Die aanduiding was dat die wetgewing in die herfsagenda oorweeg sou word en teen September 2018 afgehandel sou wees. Ten spyte van herhaalde versekering van USDA dat die saak naby afhandeling is, is die wetgewing nog nie gepubliseer nie. Gegewe die tyd wat nodig is om vir uitvoere na 'n nuwe mark te beplan, is dit belangrik dat die VSA die proses sonder verdere vertraging afhandel.

## CGA DIREKTEURE BEVESTIG

Direkteure op die CGA Raad word vir 'n twee-jaar termyn verkies. Aan die einde van daardie periode word die streek genader om kandidate vir die volgende termyn te nomineer. As meer as een kandidaat genomineer word, word 'n verkiesing (stemme deur uitvoervolumes bepaal) gehou. Die volgende direkteure is onbestrede verkies: George Hall van Boland, Andrew Muller van Nelspruit, Marius Bester van Oranjerivier en Mike Woodburn van KZN.

Produsente in die Ohrigstad / Burgersfort streek sal ook genader word om 'n kandidaat as direkteur vir hierdie nuwe streek voor te stel. Die kandidaat sal raadsvergaderings as waarnemer bywoon totdat die nuwe streek tydens die volgende CGA Algemene Jaarvergadering aanvaar word.

**DIE CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**